RANDAGRI

WEEKLIKSE

PITKOS

INHOUD

Internasionale weer	2
Markoorsig	3
Pariteite	4
Veldagentoorsig	5

2021 | **5 November 2021**

INTERNASIONALE WEER

SUID-AMERIKA

Geïsoleerde buie het die naweek deur **Argentinië** beweeg en sal die week meer wydverspreid wees, aangesien 'n paar rondtes buie verwag word met ‘n paar stadigbewegende stelsels. Dit sal mielie- en sojaboonaanplanting, sowel as onvolwasse winterkoring, bevoordeel.

Brasilië se algehele toestande is gunstig vir die aanplant van sojabone en mielies, asook vroeë groei. Sommige droë tydperke sal winterkoringoes in die suide ook bevoordeel.

LA NIÑA -UITKYK

La Niña-toestande is sigbaar oor die ekwatoriale Stille Oseaan met sterker as gemiddelde, laevlak oostewinde.

La Niña-toestande kan vir die tweede opeenvolgende jaar verreikende gevolge op Brasiliaanse mielieproduksie en die VSA se mielievoorraad hê.

’n La Niña-gebeurtenis korreleer sterk met verhoogde vlakke van droogte en verminderde mielie-opbrengs in Brasilië, die wêreld se tweede grootste mielie-uitvoerder. Vorige La Niña-jare het tot 20% jaar-tot-jaar dalings in Brasilië se mielieproduksie gesien.

Hoe ‘n tipiese La Niña lyk



MARKOORSIG

Koring:

Globale koringpryse het verlede week gestyg, opgestoot deur voortgesette lae voorrade. Internasionale vraag bly sterk, met verlede week se tenders wat selfs Egipte (die wêreld se grootste invoerder) ingesluit het.

Rusland se uitvoerbelasting gaan op 10 November tot $69,90/t styg. Die belasting word teen uitvoerpryse bereken en is 'n faktor wat die land se uitvoere vertraag. Stadiger uitvoere vanaf Rusland dra by tot die lae koring beskikbaarheid. **Verlede jaar was Rusland die wêreld se grootste koringuitvoerder.**

UkrAgroConsult het vandeesweek berig dat die Oekraïne se lande ‘n “swaar tekort aan grondvog het”, wat ‘n nadelige invloed op beide oesoorlewing in die winter en produktiwiteit in 2022 kan hê.

Mielies:

VSA mielieprys e het gestyg as gevolg van reën wat die 2021-oes vertraag het en nóg 'n week van hoë etanolproduksie. Weeklikse etanolproduksie was die tweede hoogste op rekord. As dit volgehou word, kan hierdie neiging die Amerikaanse en globale mark voorrade laat afneem. Verdere nat weer word ook vandeesweek verwag, wat korttermyn-ondersteuning kan bied.

Die Noordelike Halfrond (VSA, Kanada, Rusland) het hierdie seisoen produksiebesnoeiings ervaar aangesien droë toestande opbrengste verminder het. Oeste in die Suidelike Halfrond sal na verwagting groot wees, wat moontlik sommige voorraadsprobleme kan verbeter.



PARITEITE

GEELMIELIES

	Des'21	Mei'22	Jul'22	Sept'22
PMB-invoerpariteit	R4 796	R4 378	R4 665	R4 456
CPT-invoerpariteit	R4 556	R4 289	R4 351	R4 140
SAFEX-geelmielies	R3 383	R3 288	R3 299	R3 359
DBN-uitvoerpariteit	R3 383	R3 288	R3 265	R3 267

Nota:
Desember 2021, sowel as Mei en Julie 2022 geelmielie SAFEX-prys verhandel tans teen Durban-uitvoerpariteit



VELDAGENTOORSIG

PLAASLIKE RODUSENTE SE VOORNEME OM SOMERGEWASSE TE PLANT VIR 2022







Bron:SAGIS

KONTAK ONS

+27 (013) 243 1166
Info@randagri.co.za
www.randagri.co.za